Henrylaan 51, Shere
Telefoon: 012 809 2884
Postnet Suite 725, Privaatsak X37
Lynnwoodrif 0040
Admin: **tiertjie@ngtyger.com**
Hoof: **tiertjiekleuters@ngtyger.com**

15 Januarie 2020

Beste Ouer

Tiertjie Kleuterskool heet julle graag baie welkom. Mag vrede en vreugde julle in hierdie nuwe jaar vergesel!

Dit is vir ons 'n groot voorreg om na jou kleuter om te sien en ons is baie opgewonde om van jou kleuter 'n gelukkige Tiertjie te maak.

Die personeel

Ellanora Grobler	Sekretaresse
Nadia Conradie Selina Nthakga	Beertjieklas Gr.R onderwyseres & naskool Assistent en naskooltoesig
Lienkie de Kock Elisa Molakeng	Skilpadklas Gr.RR onderwyseres & kleuterskoolhoof Assistent en naskooltoesig
Magriet Kruger Lize Waldeck	Bytjieklas Gr.RRR onderwyseres Assistent-onderwyseres en naskooltoesig
Corné Daffue Lizzie Makhobela	Apieklas onderwyseres & naskooltoesig Assistent en naskooltoesig
Elizabeth Moloto	Kok
Nelly Buda	Assistent en skoonmaker

Skoolfooie

	Halfdag: 06:45 tot 13:00	Voldag: 06:45 tot 17:30	
Apieklas (2 -3 jaar)*		R 3 800	x 11 maande
Bytjieklas Gr. RRR (3 – 4 jaar)	R 2 600	R 3 000	x 11 maande
Skilpadklas Gr. RR (4 - 5 jaar)	R 2 600	R 3 000	x 11 maande
Beertjieklas Gr. R (5 - 6 jaar)	R 2 600	R 3 000	x 11 maande

** Die Apieklas eet en slaap elke dag daarom net een fooi.*

Die eenmalige registrasiefooi van R500 moet voor 7 Januarie elektronies oorbetaal word met die kleuter se naam en van as verwysing. Die bankbesonderhede is: NG Gemeente Tygerpoort Kleuterskool
ABSA Bank Menlyn Maine
Tak no: 632005
Rek no: 163 015 9780
Verwysing: Kleuter se naam en van

Alle skoolgelde moet slegs in Januarie via EFT betaal word.

Aktiwiteite

Maandag	*Monkeynastix	08:00 – 08:30
	*C-Maths	10:15 – 11:45
Dinsdag	*Rugby	08:00 – 08:30
	*Netbal	08:00 – 08:30
	*Kooklesse vir klein handjies	10:00 – 11:30
Woensdag	Playball (verpligtend vir alle kleuters)	08:00 – 10:00
Donderdag	*Ballet (vanaf 3 jaar)	08:00 – 08:30
	*Snag gholf	08:00 – 08:30
Vrydag	*Krieket	08:00 - 08:30
	*Emosionele Intelligensie EQ4kids	10:45 – 11:30

*Hierdie aktiwiteite se fooie is elektronies betaalbaar na die rekening van die verantwoordelike persoon.
GEEN kontant word in die skoolkantoor vir hierdie aktiwiteite aanvaar nie.

Program en temas vir die eerste kwartaal

WEEK	TEMA	SPESIALE DATUMS
15 -17 Januarie	Oriëntasie My skool en die klas	
20 - 24 Januarie	My liggaam	23 Jan: Gr.R Inligtingsaand @ 18:00 24 Jan: Alle kleuters trek hul Tiertjie-hempie aan vir 'n kleuterskoolgroepsfoto 24 Jan: R5 – Fondsinsameling: Appelboomprojek word geloods
27 - 31 Januarie	Gesonde lewe	
3 – 7 Februarie	Sport & oefening	6 Feb: Atletiek- en kuieraand @ 18:00
10 – 14 Februarie	Mengelmoes van kleur	14 Feb:Valentynsdag - kleuters trek pienk of rooi aan en bring onbederfbare kos vir Huis Oase.
17 - 21 Februarie	Dieresintuie	Gr.R begin met assessering 20 Feb:Instappie - Mengelmoes van kleur
24 – 28 Februarie	Familie	26 Feb:Tannie Lize verjaar
2 – 6 Maart	Natuurrampe	6 Mrt: Appelboomprojek - inhandiging van gelde en vorms
9 – 13 Maart	Natuurrampe	9 Mrt: Wys en vertel, enige tema van die kwartaal 10 Mrt: Tannie Nelly verjaar
16 – 20 Maart	Sensoriese week	20 Mrt: Skole sluit 20 Mrt: Slegs Gr.R-leerders ontvang rapporte. Res van skool ontvang aanpassingsverslae 20 Mrt: Kleuterskool sluit @ 14:00

Benodighede:

1 x 200 tissues
10 rolle dubbellaag toiletpapier
1 x pakkie pleisters (met lappie in)
2 x Wet Wipes
2 x Liquid Handwash
1 pakkie uitdraaikryte
1 pak A4 papier
<u>bykomend vir 2-jariges</u> (indien nog op doeke) doeke en doeksakkies

Toegangskode
Die toegangskode is **KIDS# of 5437#** en mag onder geen omstandighede aan enige kind of buitestaander bekend gemaak word nie.

Inligtingsaand
Ouers van die Beertjieklas (Gr.R) word uitgenooi na 'n inligtingsessie rakende: die CAPS kurrikulum inhoud, werkswyse in gr.R, assesseringsmetodes en vorderingsverslae, emosionele stimulasie en gereedheid asook die belangrikheid van ouerbetrokkenheid. Ons sien uit na jou teenwoordigheid op 23 Januarie om 17:30.

Oueraand
Die informele kuieraand vind op 6 Februarie om 17:00 plaas. Die kleuters se atletiek begin om 18:00. Na afloop van die atletiek hou ons piekniek en kuier lekker saam. Sou ons oorval word deur 'n donderstorm en die aand reën uit, laat ons die kleuters die volgende dag (Vrydag) resies hardloop om 09:00.

Fondsinsamelingsprojek
Ons hou hierdie jaar 'n R5-Appelboomprojek. Vir elke R5 ingesamel, plak die kleuter 'n plakker op 'n appel van die boom. Deelname is nie verpligtend nie maar die leë vorm moet weer ingehandig word. Die deelnemende vorms se gelde moet voor of op 6 Maart ingehandig word.

Baie dankie byvoorbaat vir almal se ondersteuning met hierdie projek. Hierdie gelde gaan aangewend word om bankies vir buite en nodige apparaat aan te koop.

Parkering en Verkeersreëlings
Ouers moet asseblief nie op enige geel strepe, onder of voor die skadunette of reg voor die ingang van die kleuterskool stilhou nie. Ry ook asseblief **stadig** in die terrein ter wille van die veiligheid van al die voetgangers wat op die terrein rondbeweeg.

Suster Lize se kliniekdienste
Suster Lize besoek die kleuterskool op 'n gereelde basis. Briewe word uitgestuur wanneer sy inentings en ontwurming by Tiertjies kom doen. Ek kan jou verseker van 'n fantastiese diens.

Kopluise
Die onwelkome besoekers maak gereeld 'n draai. Geen kleuter met kopluise word by die kleuterskool toegelaat nie. Tree daadwerklik op indien daar probleme is sodat ons hierdie probleem onder beheer kan hou. Kleuters met kopluise of nete se ouers sal geskakel word om die betrokke kleuter te kom haal.

Kommunikasie
Daar word in klasverband WhatsApp-groepies gestig deur elke klasonderwyseres. Die klasonderwyseres stuur slegs noodsaaklike inligting hierdeur en ouers moet dit nie as 'n kletsgroep beskou nie.

Tiertjie-hempies
Tiertjie-hempies is te koop @ R90 elk. Ons moedig die kleuters aan om Maandae en Vrydae hul Tiertjie-hempies te dra.

Algemeen
Alle ouers sal volgende week 'n "Algemene Inligtingstuk" rakende die skool asook dokumente wat deur ouers onderteken moet word, ontvang. Dit sal per hand aan elke ouer gegee word.
Lees asseblief die skool se beleid en regulasies en vergewis jouself met die inhoud daarvan.

Belangrikste datums vir 2020

23 Jan	6 Feb	6 Maart	10 Sept	22 Okt
Beertjieklas ouers: Gr.R- inligtingsaand 17:30	Atletiek en kuier aand 19:00	Inhandiging van R5-Appelboom-projek	Kleuterskool konsert	Gradeplegtigheid

Pitkos: " Geloof, hoop en liefde verander die brein ten goede"

Tiertjiegroete